## PUBLIC PARTICIPATION PROCESS FOR EIA: MOSSEL BAY OPEN CYCLE GAS TURBINE POWER PLANT: ADDITIONAL UNITS

**Notice of release of Draft Environmental Impact Report (EIR)**
**DEA&DP Reference No: EG12/2/3/2-D6/27-352/06 Patrysfontein 228/1 OCGT**

Notice has previously been given, in terms of Regulation 56 of the regulations published in Government Notice No. R. 385, under Chapter 5 of the National Environmental Management Act (Act No. 107 of 1998), of the intention to install three additional turbine units on Portion 1 of the Farm Patrysfontein No. 228, Mossel Bay, adjacent to Eskom's open cycle gas turbine (OCGT) power plant presently under construction next to the PetroSA plant near Mossel Bay. Additional units are being proposed as a result of a higher growth rate in annual electricity demand nationally than that predicted when the approved OCGT plant was considered.

This upgrade will constitute the following activities listed in GN No. R387 of 21 April 2006:

1. The construction of facilities or infrastructure, including associated structures or infrastructure, for:
(a) the generation of electricity where-
(i) the electricity output is 20 megawatts or more; or
(ii) the elements of the facility cover a combined area in excess of 1 hectare;
(c) the above ground storage of a dangerous good, including petrol, diesel, liquid petroleum gas or paraffin, in containers with a combined capacity of 1000 cubic metres or more at any one location or site including storage of one or more goods, in a tank farm;
(e) any process or activity which requires a permit or license in terms of legislation governing the generation or release of emissions, pollution, effluent or waste and which is not identified in GN No. R 386 of 2006.

This application is being subjected to a scoping and environmental impact assessment study in terms of section 21 of GN No. R385 of 21 April 2006 and exemption from the consideration of alternatives has been applied for.

The Draft EIR (March 2007) will be released for public comment on 22 March 2007, by lodging copies in the Mossel Bay, D'Almeida and KwaNonqaba libraries. It will also be available on the Eskom (www.eskom.co.za/eia) and Ninham Shand (www.ninhamshand.co.za) websites. An information sheet in this regard will be distributed to registered interested and affected parties, and is available on request.

A public meeting will be held on 28 March 2007 at 6pm, in the side hall of the Mossel Bay Town Hall in Marsh Street, during which the findings of the Draft EIR will be presented and discussed.

Ninham Shand Consulting Services has been appointed to undertake the required environmental process. Should you have any issues of concern regarding the proposed project or wish to register as an interested or affected party, please submit your name, contact information and comments/ interest to the contact persons below. A 30 day comment period is prescribed and any such comments should thus be submitted by 23 April 2007.

**Brett Lawson** or **Charles Norman**
Tel: (044) 874 2165 Fax: (044) 873 5843 Email: brett.lawson@shands.co.za
Ninham Shand, P O Box 509, George, 6530.

Icwecwe lesisaziso lizokuvela kweliphepha ndaba "Mossel Bay Advertiser" we 23 March 2007. Siyabulela.

## OPENBARE DEELNAMEPROSES VIR OIB OOPSIKLUSGASTURBIENE KRAGSTASIE BY MOSSELBAAI: ADDISIONELE EENHEDE

**Beskikbaarstelling van konsep-omgewingsinvloedbepalingsverslag (OIB)**
**DO&O Verwysings Nr: EG12/2/3/2-D6/27-352/06 Patrysfontein 228/1 OCGT**

Kennisgewing is vantevore gegee van Eskom se bedoeling om drie addisionele turbine eenhede op Gedeelte 1 van die Plaas Patrysfontein Nr. 228, Mosselbaai, aangrensend die oopsiklusgasturbiene (OSGT) kragstasie tans onder konstruksie langs die PetroSA perseel te Mosselbaai, te installeer. Die kennisgewing is uitgereik kragtens regulasie 56 van Goewermentskennisgewing Nr. R385, onder Hoofstuk 5 van die Wet op Nasionale Omgewingsakebestuur (Nr. 107 van 1998). Addisionele eenhede is voorgestel as gevolg van 'n hoër toename landswyd in jaarlikse elektrisiteitsgebruik as wat voorgespel was tydens die oorweging van die goedgekeurde OSGT kragstasie.

Hierdie verbetering sal bestaan uit die volgende bedrywighede, soos in GK Nr. R387 van 21 April 2006 geïdentifiseer:

1. Die bou van fasiliteite of infrastruktuur, met inbegrip van verwante strukture of infrastruktuur, vir:
(a) die opweking van krag waar:
(i) die kragopbrengs 20 megawatts of meer is; of
(ii) die elemente van die fasiliteit 'n gekombineerde gebied groter as 1 hektaar dek;
(c) die bogrondse berging van 'n gevaarlike goederesoort, met inbegrip van petrol, diesel, vloeibare petroleumgas of paraffien in houers met 'n gekombineerde kapasiteit van 1 000 kubieke meter of meer te enige plek of perseel, insluitende die berging van een of meer gevaarlike goedere in 'n tenkkamp;
(e) elke prose of bedrywigheid wat 'n permit of lisensie vereis ingevolge wetgewing wat die generering of vrylating van uitlating, besoedeling, afvloei of afval beheer en wat nie in GK Nr. R386 van 2006 geïdentifiseer word nie.

Hierdie aansoek is onderworpe aan 'n omvangsbepaling en omgewingsinvloedbepaling proses ingevolge regulasie 21 van GK Nr. R385 van 21 April 2006, en vrywaring van die oorweging van alternatiewe is ook voor aansoek gedoen.

Die konsep-OIB (Maart 2007) sal beskikbaar gestel word vir kommentaar deur die publiek op 22 Maart 2007, deur afskrifte daarvan by die Mosselbaai, D'Almeida en KwaNonqaba biblioteke te plaas. Dit sal ook beskikbaar wees op die Eskom (www.eskom.co.za/eia) en Ninham Shand (www.ninhamshand.co.za) webwerwe. 'n Inligtingsblad in die verband sal uitgereik word aan geregistreerde belanghebbende en geaffekteerde partye, en is op aanvraag beskikbaar.

'n Publiekevergadering sal gehou word op 28 Maart 2007 teen 6nm in die sysaal van die Mosselbaai Stadsaal in Marshstraat, waartydens die bevindinge van die konsep-OIB voorgelê en bespreek sal word.

Ninham Shand Raadgewende Dienste is aangestel om die voorgeskrewe OIB proses te onderneem. Vir enige navrae, kommentaar en registrasie as 'n belanghebbende en geaffekteerde party, voorsien asseblief u naam, besonderhede en belangstelling in die saak aan die aangeduide kontakpersone. 'n 30 dae kommentaartydperk is voorgeskryf en enige kommentaar moet dus teen 23 April 2007 ingedien wees.

**Brett Lawson** of **Charles Norman**
Tel: (044) 874 2165 Faks: (044) 873 5843 Epos: brett.lawson@shands.co.za
Ninham Shand, Posbus 509, George, 6530.

Icwecwe lesisaziso lizokuvela kweliphepha ndaba "Mossel Bay Advertiser" we 23 March 2007. Siyabulela.